higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PERSONEELOPLEIDING N5

(4110445)

**30 September 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

143Q1B2030

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PERSONEELOPLEIDING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord slegs VIER vrae uit AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Onderwys het betrekking op …

A meetbare, werksverwante vaardighede.
B formele klaskameronderrig.
C die verhouding van uitset tot inset.
D individue wat werkloos is.

1.1.2 Die oogmerk van mentorskap is om die bevoegdhede van die … te ontwikkel.

A mentor
B werknemer
C protégé
D afrigter

1.1.3 Die private sektor het betrekking op ondernemings wat …

A 'n diens aan die publiek lewer.
B sake doen met ondernemings wat nie by die toepaslike owerhede geregistreer is nie.
C op grond van private inisiatief bedryf word.
D sentrale, provinsiale en plaaslike munisipaliteite insluit.

1.1.4 SOOO staan vir ...

A Sektor Onderwys Opleiding Ondernemings.
B Sektor Onderwys- en Opleidingowerheid.
C Standaardonderwys- en Onderwysersowerheid.
D Sekondêre Onderwysersopleidingsorganisasie.

1.1.5 Voorbeelde van uitset ná suksesvolle opleiding kan … wees.

A minder klagtes van klante
B die behoorlik beskikbare tegnologie
C leerbeginsels
D die onopgeleide werknemer

1.1.6 In-mandjie-opleiding as opleidingsmetode …

A leer die persoon besluitnemingsvaardighede.
B laat deelnemers se selfvertroue toeneem.
C leer samewerking en inagneming vir ander se menings.
D wek spangees op.

1.1.7 Vrae met 'n oop einde hou die voordeel in dat ...

A iemand wat nie aktief deelneem nie, betrek word.
B dit die persoon wat opgelei word, in staat stel om hom-/haarself uit te druk.
C feitelike materiaal hersien kan word.
D dit met besluitneming help.

1.1.8 'n Reeks gonsgroepe wat geografies oor die land heen versprei is, word 'n … genoem.

A kongres
B konvensie
C konferensie
D sindikaat

1.1.9 'n Opleidingsmedium wat maklik geïnstalleer kan word asook goedkoop en betroubaar is, is 'n …

A televisie.
B blaaikaart.
C uitstappie.
D simuleerder.

1.1.10 Arbeidsintensiewe produksie behels dat ...

A meer kapitaal in die produksie belê word in verhouding tot werkers se lone.
B meer arbeid in verhouding tot tegnologie gebruik word.
C die vraag na arbeid en die aanbod van arbeid uitgedruk word.
D te veel klem op individualisering en spesialisering geplaas word.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 'n Kontrolelys verseker dat geen besonderhede betreffende die effektiewe aanbieding van werkswinkels uitgelaat of agterweë gelaat word nie.

1.2.2 Insette in opleiding behels opleidingsmetodes wat spesifiek op die opleidingsbehoeftes gerig is.

1.2.3 Die 'erkenning van vroeëre leer' is een van die NKR se beginsels.

1.2.4 Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark word deur 'n hoë vraag na geskoolde arbeid en 'n ooraanbod van ongeskoolde arbeid gekenmerk.

1.2.5 'n Arbeidsmag wat onproduktief is, sal die onderneming verhinder om winsgewend en mededingend te wees.

1.2.6 Verstedeliking bring sowel ekonomiese as maatskaplike probleme vir die land teweeg.

1.2.7 Afrigting is werksverwante mentorskap.

1.2.8 'Yukkies' is 'n voorbeeld van 'n middel wat energie opwek.

1.2.9 Die vra van vrae help die leerders om by mekaar te leer.

1.2.10 Om media te gebruik, is 'n vermorste aktiwiteit.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Om leerders te help wat sukkel om te lees, te skryf en rekenkunde te doen | A | Departement van Arbeid |
| | | B | tegniese bevoegdhede |
| 1.3.2 | Die missie daarvan is om te verseker dat alle werknemers se regte en belange bevorder word | C | ysbrekers |
| | | D | remediërende onderwysers |
| 1.3.3 | Die proses om volwassenes te help om kennis te ontdek | E | andragogie |
| 1.3.4 | Het op funksionele kennis en vaardighede betrekking | F | vraag wat tot iemand anders gerig word |
| 1.3.5 | Word gebruik om 'n groep se aanvanklike weerstand te oorkom | G | werkswinkel |
| | | H | gedrukte materiaal |
| 1.3.6 | Moet nie gebruik word as die leerder leesgebreke het nie | I | onbelemmerde sirkel |
| 1.3.7 | Beheer en maak gesprekke oop | J | media |
| 1.3.8 | Reëling vir 'n dinkskrum | K | tradisionele sitplekke |
| 1.3.9 | Byeenkoms van mense om probleme te bespreek en op te los | L | speletjies |
| 1.3.10 | Om die leemte tussen verbalisering en werklike, direkte ervaring te vul | | |

(10 × 1) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 'n … sit die sake uiteen wat by 'n vergadering of werkswinkel of in 'n gonsgroep of sindikaat behandel gaan word.

1.4.2 'n Lesing/les sluit 'n inleiding, ontwikkeling/inhoud en … in.

1.4.3 Die opleidingsproses sluit insette, …, uitsette en terugvoering in.

1.4.4 Die VIER leerstyle sluit aktiviste, besinners, teoretici en … in.

1.4.5 Tydens afrigting word hulp … in die vorm van instruksies, riglyne, ondersteuning en demonstrasies verleen.

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Bestudeer die foto en beantwoord die vrae.

**Meganisering/Tegnologie**



Alhoewel dit 'n organisasie sal baat om met tegnologiese ontwikkelings tred te hou ten einde mededingend te bly, het tegnologie ook enkele negatiewe uitwerkings op organisasies.

Verduidelik die negatiewe uitwerkings wat tegnologie op organisasies het.
(10 × 1) (10)

2.2 Definieer elk van die volgende terme:

2.2.1 Opleiding

2.2.2 Onderwys

2.2.3 Andragogie

2.2.4 Voorligting

2.2.5 Arbeidsproduktiwiteit

2.2.6 Kursus

(6 × 2) (12)

2.3 As opleidingspraktisyn is dit belangrik dat jy leerprobleme, wat persone wat opgelei word in verskillende stadiums ervaar, moet kan identifiseer en hierdie persone vir professionele hulp kan verwys.

Verduidelik die rolle wat die volgende beroepslui vertolk in die hantering van leerprobleme:

2.3.1 Psigometriste en opvoedkundige sielkundiges

2.3.2 Psigiaters en sielkundiges

2.3.3 Neuroloë

2.3.4 Remediërende onderwysers

2.3.5 Arbeidsterapeute

2.3.6 Spraakterapeute

(6 × 3) (18)
**[40]**

**VRAAG 3**

Bestudeer die foto's en beantwoord dan die vrae.





3.1 Noem SES voorbeelde van opleidingsinsette. (6 × 2) (12)

3.2 Susan verkies die lesing en les as opleidingsmetode.

Beskryf kortliks enige VYF voordele van hierdie opleidingsmetode. (5 × 2) (10)

3.3 Susan wil graag 'n effektiewe kommunikeerder wees.

Beskryf kortliks die VYF kommunikasievaardighede waaroor sy moet beskik.
(5 × 2) (10)

3.4 Rekenaars, interaktiewe borde en dataprojektors word beskou as uiters effektiewe media wat gebruik kan word.

Sit minstens VIER nadele uiteen van rekenaars, interaktiewe borde en dataprojektors as Susan kies om dit te gebruik. (4 × 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 4**

Bestudeer die foto's hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.










4.1 Bespreek kortliks die prente hier bo en noem DRIE feite oor elkeen:

4.1.1 Konvensie

4.1.2 Vergadering

4.1.3 Seminaar

4.1.4 Gonsgroepe
(4 × 3) (12)

4.2 ''n Persoon wat opgelei word, vra 'n vraag wat jy as opleier nie kan beantwoord nie.'

Verduidelik hoe jy die scenario hier bo sal hanteer of daarop sal reageer.
(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

4.3 Onderskeid word getref tussen geriewe, toerusting, materiaal en media wanneer media en materiaal gekies word.

Verduidelik kortliks elk van die volgende terme:

4.3.1 Geriewe

4.3.2 Toerusting

4.3.3 Materiale

4.3.4 Media

(4 × 2) (8)

4.4 'n Goeie opleier sal help om deelnemers met behulp van opwarmingsaktiwiteite op hul gemak te stel.

Noem VYF voorbeelde van opwarmingsaktiwiteite. (5 × 2) (10)
**[40]**

**VRAAG 5**

Die akroniem 'EFFECTIVE' gee 'n akkurate opsomming van 'n effektiewe opleier se profiel.

Dui kortliks aan waarvoor elke letter staan:

5.1 5.1.1 E

5.1.2 F

5.1.3 F

5.1.4 E

5.1.5 C

5.1.6 T

5.1.7 I

5.1.8 V

5.1.9 E

(9 × 2) (18)

5.2 Deurdat jy vrae vra, word die betrokkenheid en deelname van al die persone wat opgelei word, in die kommunikasieproses gehandhaaf.

Verduidelik kortliks VYF redes dat vrae gestel moet word. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

5.3 Rolspel is gesimuleerde oefeninge wat van die persone wat opgelei word, verwag om rolle te vertolk van persone wat by 'n probleemsituasie betrokke is.

Noem SES oogmerke van rolspel as opleidingsmetode. (6 × 2) (12)
**[40]**

**VRAAG 6**

6.1 Jou maatskappy is besig om 'n seminaar te reël wat oor drie maande plaasvind.

6.1.1 Stel die kontrolelys op wat jy vir die reëling van hierdie seminaar sal gebruik. (10)

6.1.2 Sam is een van die aanbieders by die seminaar en hy hou daarvan om 'n bord te gebruik.

Noem VYF nadele verbonde aan die gebruik van hierdie soort medium. (5 × 2) (10)

6.2 Vuyolwethu verwerf haar Nasionale Diploma in Mensehulpbronbestuur. Sy word as opleier by Volkswagen SA aangestel. Vuyolwethu wil graag aan nuwe werknemers by Volkswagen SA demonstreer hoe onderdele gemonteer moet word ten einde een van die motors te vervaardig.

Verduidelik die NEGE riglyne vir demonstrasies. (9 × 2) (18)

6.3 Gee 'n bondige beskrywing van 'n direkte vraag. (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou